SPESIALE U.K. VERGADERING VAN DIE S.A.S.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP MAANDAG, 4 AUGUSTUS 1958.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors), Ds. D.G. v.d. Merwe, Dr. B.J. Odendaal en (op uitnodiging) Mnr. S.J. Naudé.

1. TELEGRAM MEV. DS. L. NEL:

Op telegrafiese vraag van Mev. Nel vanaf Dennilton, Tvl. of haar man die S.A.S.K. vergadering moet bywoon, word besluit om die volgende telegram te rig:

„Ds. de Kock beroerte-aanval, vra 2 maande siekteverlof. Dr. Odendaal en ek vertrek vandag Ekumeniese Sinode. Toestand Sendingkantoor ernstig. Spoedige terugkeer sal waardeer word. Bywoning vergadering 14-15 Augustus dringend noodsaaklik."

2. Ds. P.S.Z. Coetzee word hartlik gelukgewens met sy 43 jarige ampsbediening en die Here word gedank vir die besondere genade wat Hy aan Sy dienskneg bewys het.

Die Voors. sluit met gebed.